HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 02 van 2024

23 Januarie 2024

Geagte Ouers/Voogde,

Neem asseblief kennis van die volgende inligting en datums rakende die Graad 9-12 oueraande wat volgende week gaan plaasvind. Hierdie skrywe vervang alle vorige reëlings en ons vra byvoorbaat om verskoning vir enige ongerief veroorsaak.

Die volgende grade se oueraand vind as volg in die skoolsaal plaas:

Let wel: Leerders mag die oueraande in gewone klere bywoon.

Graad 9:	**Maandag, 29 Januarie 2024** om 18:30
Graad 10 en 11:	**Dinsdag, 30 Januarie 2024** om 18:30
Graad 12:	**Woensdag, 31 Januarie 2024** om 18:30

Ons doen 'n beroep op u en u kind om die oueraande by te woon ten einde belangrike inligting van die komende jaar te ontvang.

Graad 8-inhuldiging en Ouergeselligheid

Datum: **Woensdag, 24 Januarie 2024** om **18:00** in die skoolsaal.

Graad 8-leerders word versoek om die aand in formele skooldrag (das en baadjie) by te woon. Leerders tree reeds 17:30 aan en sit in klasverband in die saal. Dit beloof om 'n spesiale aand te wees waar die graad 8-leerders as volwaardige Randjies verwelkom word. Na afloop van die verrigtinge in die saal nooi ons die graad 8-leerders en hulle ouers, wat aangedui het dat hulle die geselligheid wil bywoon, uit na 'n geselligheid in die Atrium. Dit is 'n gulde geleentheid vir die graad 8-ouers van 2024 om mekaar te ontmoet.

Die Klokseremonie sal op **Donderdag, 25 Januarie 2024** om **08:00** plaasvind. Ouers is welkom om in die voortuin te kom kyk.

Ons is opgewonde om ons ouers weer te sien en om 2024 "slaggereed" saam met julle aan te pak.

Grethe van Zyl
Adjunkhoof Leerdersake

Mnr P. Boysen
Hoof

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za